**10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:33-37 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:34**

**’n Geloofwaardige getuie sweer nie!**

Die woorde: “Ek sweer” of: “Ek belowe”, wat selfs kindertjies so maklik gebruik, is ook die ydellike gebruik en laster van die Here se Naam. Mag ons dit soms doen? Nee, nooit om aan ons leuens waarheidgestalte te gee nie, want ons roep die Here as getuie aan.
Jesus Christus sê in Matteus 5:34-37 dat ons glad nie ’n eed moet aflê nie en dat ons ja ons ja moet ons wees en ons nee. Hiermee wys Hy op die sondigheid van die mens. Deur die mens het die eed nodig geword, want in sonde praat mense nie meer die waarheid nie. As daar geen sonde en leuens was nie, was die eed ook nie nodig nie. Dan sou ja en nee genoeg gewees het. Daarom moet elke *geloofwaardige getuie* hom beywer om in die waarheid te bly. Want deur die geloof in Christus is hy aan die waarheid verbonde en moet hy so lewe dat almal wat hom ken, weet dat hy altyd die waarheid praat.
’n Ware Christen kan egter nooit volkome vrede hê met die aflê van die eed nie. Hy sal wel ’n eed aflê as dit moet, maar hy sal bly getuig van die heerskappy van die leuen wat oorwin moet word. En die gelowige sal Christus volg wat die leuen en die Vader van die leuen, Satan, alreeds aan die kruis oorwin het. Christus het immers altyd die waarheid gepraat, sy ja was sy ja en sy nee sy nee. Hy het die waarheid gepraat, selfs al het dit die bitterste lyding aan die kruis tot gevolg gehad.

*Sing: Psalm 19:5 (1936)* *Ds. LAS Nel (Elandskraal)*